### *Die Meester open die weg na die hemele*

**62** Nou het die handelaar niks meer te sê nie, maar dank die Vader saam met My en neem dan sy plek in by `n groot tafel in die middel van die saal. Ek en al my Jongmanne, JonaEl met sy vrou en dogters, IrhaEl met haar eggenoot Joram en in hulle midde Miriam, die moeder van My liggaam, gaan dan aan dieselfde tafel sit.

[2] **Die handelaar** verheug hom baie hierin, en sê: "Meester, omdat U my waardig ag om aan dieselfde tafel as ek aan te sit, onderneem ek om voortaan een tiende van die opbrengs van my aktiwiteite aan die armes te skenk, asook alle belastings wat hulle vir die volgende tien jaar aan die Romeine verskuldig is, namens hulle vooruit te betaal. Daarna hoop ek dat JaHWeH, U en ons Vader, deur U bemiddeling ons van daardie plaag sal verlos. Hiertoe sal ek met al my hulpbronne meehelp, soos wat ek hierbuite reeds in alle opregtheid aangebied het.

[3] O Meester, bevry ons tog van hierdie plaag. Gee verder dat die Judeërs van Jerusalem weer met ons gemene saak sal maak, want hulle het hulleself hemelhoog van die Ou Waarheid af gedistansieer. Hulle word beheer deur selfsug, magsug en praalsug. Aan JaHWeH dink hulle nie meer nie, en van naasteliefde is daar by hulle geen spoor te vinde nie. Hulle verag mos Gerasim, maar boonop het hulle die Tempel van JaHWeH in Jerusalem in `n nes van geldwisselaars en in `n markplein verander. En sê mens aan hulle dat hulle misdadigers in die Apartheid van die Aparthede (Allerheiligste) van JaHWeH is, dan vervloek en verwens hulle hom wat dit waag om hierdie waarheid onder hulle aandag te bring. Meester, dit moet verander, dit kan nie so aangaan nie. As dinge so moet aangaan, kan ons weldra `n nuwe Sondvloed verwag. Die res van die wêreld is vol heidene, maar tog is die Judeërs, priesters, Leviete, skrywers, fariseërs, bankiers (geldwisselaars) en handelaars wat in Jerusalem en Judea bly, tien maal erger as die heidene. Kortom, die wêreld is nou in `n baie erger toestand as ten tye van Noag. As ons nie te hulp gekom word nie en die Messias nie Sy Vlammende Swaard opneem nie, gaan ons voorwaar `n nuwe Ark moet bou. Meester, doen nou waartoe U nog altyd in staat is. Ek bied graag my hulp aan."

[4] Daarop sê **Ek**: "Liewe Jaïrus - kyk na My Jongmanne! Ek sê vir jou, Ek het van hulle soveel as `n duisend maal duisend. Aardes kan hulle nie bevat nie, **en net maar een van hulle is by magte om die hele Romeinse Ryk in drie sekondes uit te wis**. Hoewel julle geloofsbegrip ietwat beter is as die van die Judeërs, het beide julle en hulle `n volslae **wanbegrip** van die aard van die Messias en Sy Koninkryk.

[5] Die Messias gaan wel `n nuwe Koninkryk op hierdie aarde oprig, maar - Let Wel: nie `n aardse (stoflike) ryk wat aan `n Kroon en Septer ondergeskik is nie. **Dit gaan `n Geestelike Ryk wees, `n Ryk van die Waarheid, van egte vryheid deur die Waarheid, onder die uitsluitlike heerskappy van die Liefde.**

[6] Daar sal `n beroep op die wêreld gedoen word om hierdie Ryk binne te gaan. As hulle gehoor gee aan hierdie oproep, sal die Ewige Lewe hulle loon wees. As hulle weier om te luister, sal hulle vir eers bly soos hulle is, maar uiteindelik, ten slotte, sal die ewige dood hulle deel wees.

[7] Die Messias het nie nou as die Seun van die Adam gekom om die wêreld te oordeel nie, maar slegs om diegene wat nou in die duisternis van die Dood wandel, **na die Ryk van die Liefde, van die Lig en van die Waarheid uit te nooi.**

[8] Hy kom nie na hierdie wêreld om vir julle terug te win dit wat deur die toedoen van julle vaders en konings aan die heidene oorgelewer en verloor is nie, **maar om aan julle terug te gee dit wat Adam vir die ganse mensdom verlore laat gaan het**, almal wat ooit op die aarde geleef het, of sal leef.

[9] Tot op hede kon nog nie een enkele siel, wanneer sy die liggaam verlaat, haar aan hierdie aarde ontruk nie. Tallose, beginnende by Adam en almal sedert hom tot op hierdie uur, **versmag in die Nag van die aarde.** Voortaan is daar bevryding. En wanneer Ek na die Hemele opvaar, sal ek vir hulle die weg vanaf die aarde na die Hemele open, en op hierdie wyse sal almal tot die Ewige Lewe toetree.

[10] Kyk, dit is die taak wat die Messias moet volvoer, en hoegenaamd niks anders nie. En jy hoef nie jou krygers uit die Verre Ooste te ontbied nie - Ek gaan hulle nie nodig hê nie. **Ek gaan wel baie geestelike arbeiders vir my Ryk nodig hê, en Ek gaan hulle self daarvoor oplei.** Aan hierdie tafel sit alreeds `n paar van hulle, **maar baie ander** word ook reeds in alle Liefde en Waarheid hiervoor voorberei.

[11] Kyk, om dit te bewerkstellig, is My taak. Oordink jy die saak nou, en sê dan vir My wat jy van so `n Messias dink."

[12] **Jaïrus**, die handelaar sê: "Meester, ek sal daar deeglik oor moet nadink. Van so `n Messias het g'n mens nog ooit gehoor nie. Dit lyk vir my asof so `n Messias vir die wêreld van weinig nut sal wees, want solank as wat die wêreld in sy huidige toestand is,

**bly dit `n aggressiewe vyand van al wat geestelik is**. Nou wil ek egter verder daaroor gaan nadink."

### *Die uitwerking van hemelse en van aardse wyn*

**63** Almal eet en drink nou. Terwyl **Jaïrus** diep in gedagtes versonke is, begin selfs hy te eet, en aan die wyn drink hy gaandeweg al meer geesdriftig. Wanneer hy deur die glinsterende hemelse Liefdeswyn bedwelm raak van Liefde, sê hy aan my: "Meester, ek het `n blink idee. Ek sou graag, as dit moontlik is, van hierdie tipe wynstokke in die hande wou kry, sodat ek daaruit Wyn soos hierdie kon maak. Want, as ek sulke Wyn in my kelders kon hê, dan vul ek die hele wêreld met niks anders as Liefde nie en nogmaals Liefde. Ek het dit nou aan my eie lyf ervaar. Ek is weliswaar nog altyd iemand met `n voorliefde vir alles wat goed, waar en mooi is, maar ek kan nie sê dat ek al ooit `n spesiale naasteliefde in my ervaar het nie.

[2] Tot dusver doen ek alles wat ek doen volgens `n spesifieke norm, watter norm ek aan die hand van my wetskennis vir myself neergelê het. Dit kon my nie skeel of `n wet goed of sleg is nie - daaroor het ek myself nooit gekwel nie. My leuse was: Die wet is die wet, hetsy van Elohim of van Caesar. As nie-nakoming van die wet straf tot gevolg het, dan behoort mens dit uit eie belang te hou om sodoende aan die kwade gevolge van die straf te ontkom. Gaan `n "wet" nie gepaard met straf nie, is dit gewoon nie `n wet nie, maar bloot goeie raad. Die raad mag mens willekeurig volg, ofskoon daar geen verpligting daartoe is nie.

[3] As mens goeie raad nie volg nie, kan dit jou weliswaar ook skade berokken. Sulke skade kan byna net so erg as geregtelike straf wees. Maar dit is nie `n sonde (oortreding) in die sin dat onskul-diges daardeur nadelig getref word nie, behalwe die individu wat die raad nie gevolg het nie. Dit is egter duidelik dat dit `n groot sonde(oortreding) is om slegte raad te volg.

[4] Die Reg is `n ander saak. Of `n wet nou goed of sleg is - ek moet dit gehoorsaam. Weier ek om `n wet te gehoorsaam omdat ek dit "sleg" ag, oortree ek teenoor of die Staat of teenoor Elohim en gaan ek gestraf word deur albei. Daaruit blyk oorvloediglik dat ek nie uit Liefde wetsgehoorsaam is nie, selfs al mag dit `n "goeie" wet wees. Ek ervaar `n diepe weersin jeens hierdie gedwonge gehoorsaamheid. **Maar noudat ek hierdie heerlike hemelse Wyn gedrink het, ervaar ek niks anders nie as Liefde, en nogeens Liefde.** Ek het die behoefte om die hele aarde te omhels en te kus.

[5] Bowendien merk ek dieselfde uitwerking by almal wat die hemelse Wyn gedrink het. Daarom sou ek `n groot wingerd van hierdie wynstokke wou aanlê en dan aan alle mense van hierdie Wyn te drinke aanbied. Hulle sal dan, nes ek, binne oomblikke met Liefde vervul wees. As ek sulke wynstokke in die hande kon kry, sou ek die gelukkigste man op Elohim se liewe en goeie aarde wees."

[6] **Ek** sê: "Druiwe vir sulke Wyn kan ek jou wel besorg, maar jy gaan daarmee nie die gewenste uitwerking op die mensdom verkry nie. Hierdie Wyn laat die Liefde in die mens te voorskyn kom **op voorwaarde dat die Liefde alreeds in die mens teenwoordig was.** Was daar egter boosheid in daardie mens teenwoordig, sal daardie boosheid net so kragtig in hom te voorskyn kom as wat die Liefde in jou gedoen het. Hy sal dan in `n volslae duiwel verander en **met net soveel entoesiasme die kwaad bevorder as wat jy die goeie wou bevorder**.

[7] Mens moet dus goed oplet wie jy toelaat om van hierdie Wyn te geniet. Nogtans wil Ek tog aan jou `n wingerd met sulke wynstokke skenk, as jy tog maar net goed oplet aan wie jy van die Wyn gee om te drink. So `n opgewekte Liefde kan wel baie goed verrig, **maar dit is tog beter as die Liefde deur die Woord van Elohim opgewek word, want in daardie geval is dit blywend**. Die uitwerking van die Wyn is vlietend en verbygaande, net soos wat die sap self vlugtig is en vergaan. Let dus goed op wat jy daarmee doen, anders veroorsaak jy dalk meer kwaad as goed.

[8] Daarop sê die handelaar **Jaïrus**. "Meester, as dit is hoe die saak staan, dan sal dit nie `n goeie ding wees om so `n Wyn te verbou nie. Mens kan tog nie weet of die een aan wie jy van die sap te drinke aanbied, boosheid of Liefde in sy hart het nie. Al sou jy `n goeie bedoeling mag hê om die Liefde in sy hart op te wek, maar instede daarvan die boosheid dan sterk na vore kom, sal dit jou wel deeglik in die verleentheid bring. Dit kan bowendien gevaarlik wees. Nee wat, dan laat ek die verbouing van sulke wyn liewer daar."

[9] **Ek** sê: "Dit kan my nie skeel nie; jy kan kry wat jy ookal wil hê. Nietemin, voorwaar, Ek sê vir jou: In `n mindere of meerdere mate het elke wynsoort wat op aarde verbou word, hierdie selfde eienskap. As jy verskillende mense netsoveel van die wyn wat jy self verbou laat drink as wat jy nou net van die suiwer hemelse Wyn gedrink het, dan sal jy sien dat sommige geheel-en-al met Liefde vervul raak, terwyl andere daarenteen so aggressief raak dat jy hulle met toue moet vasbind. **As aardse wyn so `n uitwerking het, hoeveel te meer dan die hemelse!"**